# Opvoedkundige Oudiologie: Medekonsultasie in Spesialiseringsonderwys

**Lidia Pottas en René Hugo**

Departement Kommunikasiepatologie,
Universiteit van Pretoria

## ABSTRACT

*The aim of this study was to determine the value of educational audiology in the in-service training of teachers of children with hearing loss, in the South African context. Two questionnaires were developed which teachers and headmasters of schools for the deaf/hard of hearing in the Gauteng and Northwest provinces completed. The aim of the first questionnaire was to obtain background information regarding the 10 schools included in this study. The purpose of the second questionnaire was to determine the knowledge of 211 teachers regarding the child with a hearing loss. The background information obtained from the first questionnaire made it possible for the researchers to compare the knowledge of two different groups of teachers on the basis of in-service training. The results indicated definite limitations in the knowledge of the teachers, which must be viewed in light of the specific audiological needs of the child with a hearing loss, who may thus not fulfill his/her potential in the school setting. In spite of in-service training there was no significant difference between the two groups of teachers, which questions the value of existing training.*

## OPSOMMING

*Die doel van hierdie studie was om die waarde van opvoedkundige oudiologie in die indiensopleiding van die onderwysers van kinders met gehoorverlies in Suid-Afrika te ondersoek. Twee vraelyste is saamgestel wat deur die onderwysers en skoolhoofde van skole vir dowes/hardhorendes in die Gauteng provinsie asook by nabygeleë skole in die Noordwes provinsie voltooi is. Die eerste vraelys is gebruik om agtergrondinligting aangaande die 10 skole wat in die studie ingesluit is, in te win. Die tweede vraelys se doel was om 'n beeld van die 211 onderwysers se kennis van die kind met 'n gehoorverlies te verkry. Agtergrondinligting verkry uit hierdie vraelys het die navorser instaat gestel om 'n vergelyking te tref tussen die kennis van twee verskillende groepe onderwysers op grond van indiensopleiding. Resultate het definitiewe leemtes in die kennis van die onderwysers aangedui. Hierdie tekortkominge in kennis moet in noue verband met die besondere oudiologiese behoeftes van die kind met gehoorverlies beskou word, aangesien dit daartoe kan lei dat die kind nie sy volle potensiaal in die onderrigsituasie kan verwesenlik nie. Voorts is bevind dat indiensopleiding nie 'n wesenlike verskil in die kennis van die twee groepe onderwysers tot gevolg het nie, wat die waarde van bestaande indiensopleiding bevraagteken.*

**SLEUTELWOORDE**: opvoedkundige oudiologie, indiensopleiding, gehoor-gestremdheid, onderwysersopleiding, gehoorgestremde kind.

## INLEIDING

*"The word **inservice**[1] typically is used within the field of ... education to refer to training or education provided to school personnel after they have accepted or are already working in a specific job. Inservice usually targets job-specific information or skills related to needs in the present job situation, which were not adequately addressed in the employee's preservice education, that is, that which took place before the individual was hired"* (De Conde Johnson, Benson, & Seaton, 1997, p. 166).

Dit is veral die onderwyser in spesialiseringsonderwys wat 'n besondere taak en roeping het waarvoor gespesialiseerde kennis en insig nodig is (Marais, 1988). Spesialisasie in die onderwysersopleiding is nie noodwendig daarop gemik om die effek van die gestremdheid uit te skakel nie, maar behoort eerder geïnterpreteer te word as 'n verdieping van die onderwyser se insig met betrekking tot spesifieke hulpverlening aan sulke kinders (Marais, 1988).

In die huidige Suid Afrikaanse konteks wil dit voorkom asof hierdie aspek veral relevant is ten opsigte van die kind met 'n gehoorverlies, wat tans nog grootliks in die spesiale onderwysstroom gehuisves word. Hier is dit duidelik dat oudiologie as vakgebied, 'n vakvreemde dissipline vir die algemene onderwyser, 'n uitgesproke rol

[1] Eie beklemtoning



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

speel in die onderrigsituasie en dat die onderwyser van enige kind wat 'n gehoorprobleem het, oor die nodige kennis en vaardigheid moet beskik om in die opvoedingsbehoeftes van dié kind met 'n gehoorverlies te kan voorsien.

Literatuur rakende die besondere behoeftes van die onderwyser in spesialiseringsonderwys is beperk. Tog het hierdie onderwyser 'n primêre verantwoordelikheid as "advokaat" van elke kind met 'n gehoorverlies (Harrison, 1993). Vanweë hul besondere noue kontak met die kind met 'n gehoorverlies, moet die onderwyser die kind as't ware verteenwoordig in alle situasies en teenoor alle persone. Dit veronderstel egter met inbegrip van verskeie vaardighede 'n besondere kennis van en begrip vir die kind met 'n gehoorverlies.

*"... the realisation of the auditory potential of the hearing impaired child requires constant audiological surveillance, carried out in everyday situations in which the child needs to use hearing. Many of the communication difficulties experienced by hearing-impaired children can be resolved, either partly or wholly, by attention to audiological factors that requires initiation by audiologically aware teachers. It cannot be done at a distance by a hospital technician or audiologist"* (Harrison, 1993, p. 30).

Die besondere oudiologiese behoeftes van die kind vereis bepaalde kennis en vaardighede van die onderwyser (Vgl. Tabel 1).

**Tabel 1: Veronderstelde kennis en vaardighede van die onderwyser rakende sekere aspekte van oudiologie.**

| Die rol van die onderwyser | Aard van kennis/vaardigheid |
|---|---|
| Die kind met 'n gehoorverlies in die klaskamer | • Kennis van die basiese anatomie en fisiologie van die gehoorsisteem; oudiometriese toetsprosedures en interpretasie van resultate asook die etiologie van gehoorverlies (Lass, Tecca en Woodford, 1987)<br>• Kennis van die kenmerke/gevolge van 'n gehoorverlies (Flexer, 1993)<br>• Kennis van die verskillende teorieë en filosofiese oriëntasies in die onderrig van die kind met 'n gehoorverlies (Easterbrooks & Radaszewski-Byrne, 1995) |
| Nagaan en hantering van gehoorapparate | • Kennis van gehoorapparaattegnologie, funksie en werking van gehoorapparate en versterkingsisteme (Harrison, 1993; Berg, 1992).<br>• Vermoë tot die daaglikse nagaan en toepaslike gebruik van klankversterkingsapparaat (Berry, 1992) |
| Aanpassing en beheer van die akoestiese omgewing | • Kennis van die akoestiese omgewing in die klaskamer en die faktore wat dit beïnvloed (Flexer, 1993)<br>• Vermoë tot die daarstelling van 'n optimale luisteromgewing (Easterbrooks & Radaszewski-Byrne, 1995) |
| Evaluasie en opleiding van spraak en taal | • Kennis van normale taal- en spraakontwikkeling (Grant, 1983)<br>• Vermoë om die kind met 'n gehoorverlies se kommunikasie, spraak en taal te evalueer (Sass-Lehrer, 1986)<br>• Vermoë om inligting soos verkry tydens die evaluasie te interpreteer, toepaslike doelwitte en doelstellings te formuleer en die nodige aanpassings in die onderrigsituasie te maak (Sass-Lehrer, 1986).<br>• Kennis van en vaardigheid in toepaslike stimulasie van spraak en taal in die onderrigsituasie (Grissom & Cochran, 1986). |
| Evaluasie en opleiding van luistervermoëns en spraakleesvaardighede | • Kennis van die doel, aard en wyse van ouditiewe opleiding (Berg, 1992)<br>• Kennis van die doel, aard en wyse van spraakleesopleiding (Berry, 1992) |

Die probleem is egter dat hierdie kennis en vaardighede nie vanselfsprekend deel van die onderwyser se mondering is nie, maar verwerf moet word deur verdere opleiding (Hegarty, Pocklington & Lucas, 1990). Die opleiding van die onderwyser blyk dus onontbeerlik te wees ten einde hom toe te rus vir sy taak.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

**Tabel 2: Beskrywende inligting van skole ingesluit in studie**

| Skool | Provinsie | Getal leerlinge | Getal onderwysers | Getal spraakterapeute / oudioloë | Fases in skool | Missie van die skool |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Noordwes | 55 | 8 | 0 | Sekondêr<br>Tegnies | Die voorsiening van 'n hoë standaard van sekondêre onderwys aan Dowe leerlinge, ongeag ras, kleur, geslag, taal of godsdiens, ten einde die grondslag te lê vir verdere onderwys en opleiding. |
| 2 | Gauteng | 195 | 23 | 1 vakante pos | Preprimêr Primêr<br>Sekondêr Tegnies | Om so goed as moontlik die dowe kind op te voed en te onderrig in 'n Christen (Katolieke) agtergrond om op 'n gelykwaardige grondslag met "normale mense" mee te ding. |
| 3 | Noordwes | 400 (T)<br>67 (G) | 58 (T1)<br>14 (G1) | 1 | Sekondêr | To provide effective education to all the pupils in the school. |
| 4 | Gauteng | 176 | 27 | 2 | Preprimêr Primêr<br>Sekondêr<br>Beroepsopleiding | To educate deaf and hard of hearing pupils in an environment which fosters human dignity and mutual respect and enable the pupils to take their rightful place in both the hearing and the deaf world with confidence. |
| 5 | Noordwes | 269 | 41 | 1 | Primêr<br>Pre-primêr<br>Beroepsopleiding | To strive for and maintain effective teaching, learning and educational excellence in an environment conducive to learning and so develop a responsible, independent, self-reliant person who can communicate, reckon, realize and develop to his potential to take his/her rightful place in society. |
| 6 | Noordwes | 349 | 42 | 0 | Preprimêr Primêr<br>Sekondêr Tegnies<br>Beroepsopleiding | To develop the deaf to be independent adults who will occupy their place as responsible adults in the community. |
| 7 | Gauteng | 290 (T)<br>244 (G) | 34 (T1)<br>34 (G1) | 0 | Preprimêr Primêr<br>Sekondêr | Offering quality education and adapting the curriculum to meet the needs and demands of the industrial world. This is in line with the inclusion policy. |
| 8 | Gauteng | 278 | 44 | 4 | Preprimêr Primêr<br>Sekondêr | Nie beskibaar |
| 9 | Gauteng | 317 | 51 | 3 | Preprimêr Primêr<br>Sekondêr Tegnies<br>Beroepsopleiding | Nie beskikbaar |
| 10 | Gauteng | 147 | 18 | 1 | Preprimêr<br>Primêr<br>Sekondêr<br>Beroepsopleiding<br>Tegnies | We are committed to provide excellent and relevant Educational Programmes to our pupils that embraces Academic, Vocational achievement and personal growth and esteem of multicultural deaf students incorporating respect for culture and heritage. In our belief that the Deaf are valuable, capable and responsible we pledge to render services of the highest professional skills and attitudes exemplifying dedication and excellence. |

T = Totale getal kinders in skool; G = Kinders met gehoorverlies; T1 = Totale aantal onderwysers; G1 = Onderwysers betrokke by kinders met gehoorverlies



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

Navorsing met die doel om die rol van oudiologie as vakgebied in die indiensopleiding van onderwysers van individue met gehoorverlies te motiveer, is beperk. Kennis in hierdie verband kan bydra tot voorstelle ten opsigte van die toepaslike verdere opleiding van die onderwysers.

## METODE

### DOEL VAN DIE STUDIE

Die **hoofdoelstelling** van die empiriese ondersoek was om die rol van sekere aspekte van oudiologie as vakgebied in die opleiding (en meer spesifiek indiensopleiding) van die onderwysers van kinders met gehoorverlies in spesialiseringsonderwys in die RSA te ondersoek.

Die hoofdoelstelling word gerealiseer in die volgende subdoelstellings:

1. Om die onderwysers se stand van kennis oor sekere aspekte van oudiologie te bepaal.
2. Om 'n vergelyking te tref tussen die kennis van sekere aspekte van oudiologie van twee verskillende groepe onderwysers, naamlik die onderwysers wat indiensopleiding ontvang met diegene wat geen indiensopleiding ontvang het nie.

### *NAVORSINGSONTWERP*

In hierdie studie het die klem geval op 'n in diepte beskrywing van die kennis van sekere aspekte van oudiologie van 'n spesifieke groep, nl. die onderwysers wat kinders met gehoorverlies onderrig in spesialiseringsonderwys in die RSA. Die navorser het dit ten doel gestel om **"dit wat is"** op die een of ander wyse **"akkuraat en noukeurig te beskryf"** (Mouton & Marais, 1992, p. 46). Volgens die riglyne soos neergelê deur Mouton en Marais (1992, p. 46-47) is daar van 'n **beskrywende opnamestudie** in die vorm van vraelyste gebruik gemaak met kwantifisering waar moontlik. Die kwalitatiewe-kwantitatiewe aard van hierdie navorsing verseker die realisering van die doelstellings (Mouton & Marais, 1992).

### *ONDERSOEKGROEP*

#### Skole ingesluit in die studie

Weens die feit dat vraelyste persooonlik by skole gelewer en afgheaal is is besluit om slegs skole in die Gauteng provinsie asook nabygeleë skole in die Noordwes provinsie by die projek in te skakel. Slegs skole vir **dowes/hardhorendes** is ingesluit in die studie, gesien in die lig daarvan dat hierdie studie fokus op **die kind met 'n gehoorverlies in spesialiseringsonderwys**.

Inligting oor die skole wat ingesluit is, word vervolgens verskaf. Beskrywende inligting oor die tien deelnemende skole word aangebied in tabel 2. 'n Uiteensetting van die kommunikasiesisteme en taalaanleermetodes is uiteengesit in tabel 3 en tabel 4 verskaf 'n beeld van die bestaande indiensopleidingsprogramme in die skole.

**Tabel 3: Kommunikasiesisteme en taalaanleermetodes in gebruik in die skole**

| Skool | Tipe kommunikasiesisteem | Tipe taalaanleermetode |
|---|---|---|
| 1 | Gebare | Natuurlik |
| 2 | Totale kommunikasie<br>Gebare | Struktureel<br>Natuurlik (sekondêre fase) |
| 3 | Totale kommunikasie | Natuurlik |
| 4 | Totale kommunikasie<br>Gebare | Struktureel (primêre fase)<br>Aangepaste taalkurrikulum (sekondêr) |
| 5 | Totale kommunikasie<br>Gebare | Struktureel |
| 6 | Totale kommunikasie<br>Gebare | Struktureel |
| 7 | Totale kommunikasie | Struktureel |
| 8 | Oraal/Ouraal | Natuurlik |
| 9 | Oraal/Ouraal<br>Totale kommunikasie<br>Gebare | Natuurlik |
| 10 | Totale kommunikasie | Natuurlik |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

**Tabel 4: Indiensopleiding in die skole**

| Skool | Indiensop-leiding? | Frekwensie | Doel | Verantwoordelike persoon/sone | Aard |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Nee | - | - | - | - |
| 2 | Nee | - | - | - | - |
| 3 | Nee | - | - | - | - |
| 4 | Ja | Onbekend | Om onderwysers toe te rus vir hul taak in die klaskamer | Oudioloë | Interpretasie van oudiogramme. Gehoorapparate |
| 5 | Nee | - | - | - | - |
| 6 | Ja | Maandeliks | On die onderwysers op hoogte te hou van die nuutste ontwikkelinge | Bestuur en konsulterende oudioloë | Gehoorapparate Gebaretaal |
| 7 | Nee | - | - | - | - |
| 8 | Ja | Jaarliks | Om onderwysers toe te rus vir hul taak spesifiek met verwysing na gehoor- en leergestremde leerders. | Onbekend | Onbekend |
| 9 | Ja | Maandeliks | Toerusting van die opvoeders vir hul taak | Oudioloë , opvoedkundige hulpdienste, bestuur en senior onderwysers | Onbekend |
| 10 | Nee | - | - | - | - |

***Ondersoekgroep van onderwysers ingesluit in die studie***

Al die onderwysers van die geselekteerde skole is in die studie ingesluit. 'n Totaal van 300 vraelyste is uitgedeel en 211 (70%) vraelyste is terugontvang. Die 30% nie-repondente was onderwysers wat op die spesifieke dae waarop die vraelyste uitgedeel is afwesig was, terreindiens moes doen of nie aan die projek wou deelneem nie. Volgens die literatuur (Babbie, 1992) kan 70% deelname as 'n verteenwoordigende respons beskou word.

Die onderwysers se biografiese inligting asook daardie aspekte wat verklarende inligting bevat ten opsigte van die vraelys kan soos volg opgesom word.

- Die meerderheid (167) onderwysers is vroulik en 44 mans is in die studie ingesluit. 85 van die onderwysers is tussen 31 - 40 jaar oud. 74 onderwysers se ouderdomme strek tussen 41 - 50 jaar, terwyl 24 onderwysers ouer as 50 jaar is.
- Engels en Gebaretaal word deur 148 onderwysers as onderrigmedium gebruik. 35 onderwysers gebruik Afrikaans en Gebaretaal terwyl 28 onderwysers Afrikaans en Engels as onderrigmedium gebruik.
- Ten opsigte van verdere opleiding beskik 199 van die onderwysers oor 'n naskoolse kwalifikasie, waarvan 143 onderwysers 4 en meer jare opleiding ontvang het. 56 onderwysers beskik oor 2-3 jaar opleiding na skool, terwyl 11 onderwysers slegs oor 'n seniorsertifikaat beskik. 72 onderwysers het indiensopleiding ontvang.
- Die meerderheid (120) van die onderwysers het 7-12 leerlinge in hul registerklasse. 30 onderwysers het 1-6 leerlinge in die registerklas terwyl 31 onderwysers slegs roterende klasse onderrig waarvan die getalle varieer van 7-18 leerlinge. 23 onderwysers het 13-18 leerlinge in hul registerklasse en 7 onderwysers het meer as 19 leerlinge in hul registerklasse. Die getal kinders in die klasse in laasgenoemde twee gevalle is baie hoog, veral as daar in gedagte gehou word dat die ideale getal 6-8 leerlinge per onderwyser behoort te wees (Hugo, 1987).
- Ten opsigte van gehoorapparate het 77 onderwysers aangetoon dat nie een van die leerlinge in hul klasse oor gehoorapparate beskik nie. 78 onderwysers het 1-6 leerlinge in hul klasse met gehoorapparate, terwyl 51 onderwysers 7-12 leerlinge met gehoorapparate in hul klasse het. 5 onderwysers het 13-18 leerlinge met gehoorapparate in hul klasse.

## NAVORSINGSAPPARAAT EN -MATERIAAL

Vanweë die feit dat daar gepoog is om al die onderwysers van kinders met gehoorverlies in spesiale onderwys in die Gauteng provinsie en nabygeleë skole in die Noordwes provinsie te betrek, is daar besluit om in die lig van voorsiene praktiese probleme eerder gebruik te maak van vraelyste as formele/informele onderhoude. Daarbenewens bied vraelyste die voordeel dat proefpersone maklik bereikbaar is, dat detail inligting vinnig en maklik bekom kan word en dat die



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

anonimiteit van deelnemers hierdeur verseker kan word (Van der Merwe, 1994).

'n Nadeel is egter dat die publiek oor die algemeen 'n negatiewe ingesteldheid teenoor 'n vraelys het (Statomet, 1994) en dit gevolglik nie voltooi en terugstuur nie. Ten einde hierdie tendens te voorkom, is die vraelyste persoonlik uitgedeel aan die skoolhoofde en al die onderwysers verbonde aan die deelnemende skole. Die navorser was dus teenwoordig tydens die voltooiing van die vraelyste en daar was genoegsaam tyd vir verduideliking in geval van enige onduidelikheid.

Twee afsonderlike vraelyste is in die studie gebruik (Sien bylae A).

Vraelys 1 het bestaan uit agtergrondvrae oor die skool met die oog op omskrywing en korrelasies. Dit was gerig aan die skoolhoofde van die betrokke skole om inligting te verkry ten opsigte van die algemene kenmerke van die skool, sy missie en struktuur van funksionering.

Vraelys 2 het bestaan uit biografiese sowel as kennisvrae en is ontwikkel uit relevante literatuur (Berg, 1992; Easterbrooks en Radaszewski-Byrne, 1995; Flexer, 1993; Harrison, 1993; Lass et al., 1987; Ross, 1991; Sass Lehrer, 1986) ten opsigte van die veronderstelde kennis van oudiologie van die onderwyser van die kind met 'n gehoorverlies. Kennisvrae is hoofsaaklik gebruik, nie soseer net om te bepaal of die respondent oor bepaalde kennis beskik nie, maar omdat kennis die grondslag vorm van bepaalde gedrag of bydra om houdings te vorm (Steenekamp, 1984).

Volgens Schoeman (1994) is dit ook van uiterste belang dat die navorser aspekte soos die ervaringswêreld, sosiale status en die opvoedkundige peil van die proefpersone moet verreken. Sekere begrippe wat vir die navorser bekend is, mag vir die respondent totaal vreemd wees (Steenekamp, 1984). Met die konstruksie en finalisering van die vraelyste, is dit deurentyd in gedagte gehou dat 'n groot aantal van die proefpersone in hierdie studie nie Afrikaans of Engels as eerste taal gebruik nie.

Deur middel van 'n voorstudie is die vraelyste aan 'n praktiese toets onderwerp ten einde die bruikbaarheid en praktiese uitvoerbaarheid daarvan te bepaal in terme van (Bornman,1995):

- verstaanbaarheid/duidelikheid van terminologie;
- ondubbelsinnigheid van afsonderlike vrae;
- relevansie en toepaslikheid van inhoud;
- verstaanbaarheid van instruksies;
- gemak van kodering;
- tyd benodig vir voltooiing;
- voorgenome strategieë vir ontleding.

Die inligting en terugvoer wat die loodsstudie verskaf het, is gebruik om die vraelyste in die finale vorm te formuleer.

## DATAVERWERKINGSPROSEDURES

Alle data soos aangeteken op vraelys 2 is in 'n toepaslike koderingskolom aangeteken vir statistiese verwerking. Dit is verwerk met 'n IBM 370-rekenaar en die Statistical Packages for Social Sciences program, Universiteit van Pretoria, is gebruik tydens die prosessering van die data.

In Tabel 5 word 'n opsomming van die statistiese prosedures ooreenkomstig die onderskeie subdoelstellings verskaf.

**Tabel 5: Statistiese prosedure gebruik in die studie**

| SUBDOELSTELLING | BESKRYWING: STATISTIESE PROSEDURE | VERWYSINGS |
|---|---|---|
| 1. Om die onderwysers se stand van kennis oor sekerer aspekte van oudiologie te bepaal. | Frekwensietabelle is gebruik om die prestasie van die steekproef op die meervoudige keusevrae te bepaal.<br>Beskrywende statistiek, wat bestaan uit die tabellering van die data en die berekening van beskrywende groothede op sodanige wyse dat die tendense en eienskappe van die waargenome data duidelik na vore kom, is gebruik. Die resultate is as 'n geheel saamgevat en bespreek. Indien die oorgrote meerderheid (meer as 70%) van die onderwysers 'n item korrek beantwoord het, is daar aanvaar dat hul oor voldoende kennis van die aspek beskik, d.w.s die antwoord is as korrek aanvaar. 70% dui dus op die rekenkundige meerderheid en nie 'n statistiese meederheid nie. | De Vos & Fouché, 1998. |
| 2. Om 'n vergelyking te tref tussen die kennis van oudiologie van twee groepe onderwysers, naamlik die onderwysers wat indiensopleiding ontvang het met diegene wat geen indiensopleiding ontvang het nie. | Die t-toets vir onafhanklike groepe is gebruik om te bepaal of daar telkens 'n beduidende verskil tussen die resultate van die twee groepe is.<br>Die Chi-kwadraatverdeling ($\chi^2$- verdeling) is gebruik om te toets vir die onafhanklikheid van veranderlikes binne 'n kruistabel<br>Oop vrae is d.m.v 'n kwalitatiewe inhoudsontleding ontleed | De Vos & Fouché, 1998.<br>Owen, Owen, Pannbacker & Middelton, 1994 |




Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

## RESULTATE EN BESPREKING

### *KENNIS VAN DIE ONDERWYSERS*

Die resultate is as 'n geheel saamgevat en bespreek. Indien die oorgrote meerderheid (meer as 70%) van die onderwysers 'n item korrek beantwoord het, is daar aanvaar dat hul oor voldoende kennis van die aspek beskik, d.w.s die antwoord is as korrek aanvaar. Sewentig persent dui dus op die rekenkundige meerderheid en nie 'n statistiese meederheid nie. Die voorafgaande resultate van subdoelstelling 1 kan dus as volg saamgevat word.




**Figuur 1: Opsommende beeld van kennis van onderwysers t.o.v sekere aspekte van oudiologie**

Die bevindinge van hierdie studie dui op bepaalde tekortkominge in die kennis van die onderwysers met betrekking tot verskeie aspekte.

#### *Kennis aangaande kommunikasie: Spraak- en taalontwikkeling*

Wat die onderwysers se kennis rakende *kommunikasie: spraak-en taalontwikkeling betref,* blyk dit dat die meerderheid onderwysers oor voldoende kennis beskik. Kennis in hierdie verband is onontbeerlik vir die onderwyser van die kind met 'n gehoorverlies. Dit stel nie net die onderwyser in staat om op grond van sy/haar kennis van normale spraak- en taalontwikkeling die kind se kommunikasie, spraak en taal te evalueer nie, maar lê ook die basis vir toepaslike taalverryking, taalstimulasie en spraakopleiding, wat 'n primêre behoefte van die kind met 'n gehoorverlies is (Grant, 1983). Volgens Israelite en Hammermeister (1986) het 80% van die opleidingsprogramme vir onderwysers van kinders met gehoorverlies die belangrikheid van kennis van spraak - en taalontwikkeling aangetoon. Hierdie belangrikheid kan inderdaad toegeskryf word aan die feit dat 'n goeie taalbasis, en in 'n mindere mate verstaanbare spraak, die basis vorm vir alle ander akademiese vakke en opvoedkundige prestasies van die kind met 'n gehoorverlies (Bader, 1992).

#### *Kennis van gehoormeganisme / oudiometriese toetsing / oorsake van gehoorverlies*

Kennis van die *gehoormeganisme, oudiometriese toetsing* en interpretasie van oudiogramme, asook die *etiologie (oorsake) van gehoorverlies* is van belang (Easterbrooks en Radaszewski-Byrne, 1995) ten einde die besondere behoeftes van die kind met 'n gehoorverlies, wat spruit uit die aard, graad en etiologie van die gehoorverlies te bevredig in die onderrigsituasie. 'n Studie uitgevoer deur Martin, Bernstein, Daly en Cody, (1988) oor die soortgelyke kennis van onderwysers in die hoofstroom, het getoon dat die onderwysers 57% van die vrae oor hul kennis van gehoorprobleme korrek beantwoord het, terwyl die onderwysers betrokke in hierdie studie ook 57% van die vrae in verband met gehoorprobleme korrek beantwoord het. Wat die vrae oor die gehoormeganisme asook die oudiometriese toetsing van gehoorverlies betref, het die onderwysers onderskeidelik 60% en 33% van die vrae korrek beantwoord. Dit dui daarop dat die kennis van die onderwysers in die hoofstoom in ontwikkelde lande ongeveer op dieselfde vlak is as die kennis van die



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

onderwysers in spesialiseringsonderwys in 'n ontwikkelende land. 'n Soortgelyke tendens is ook waargeneem in 'n studie van Lass et al. (1987) deurdat daar slegs 'n verskil van 2% tussen die prestasie van onderwysers in spesialiseringsonderwys en diegene in hoofstroomonderwys in die VSA gevind is. Verskeie faktore kan egter ter verklaring aangebied word vir die RSA konteks. Alhoewel die onderwysers in die hoofstroom in ontwikkelde lande nie werklik oor kwalifikasies in gehoorprobleme beskik nie, word hulle bygestaan deur opvoedkundige oudioloë asook gekwalifiseerde onderwysers vir kinders met gehoorverlies (Luckner, 1991). Die onderwysers in die RSA konteks word in 'n groot mate vanweë 'n gebrek aan voldoende opleiding asook ontoereikende ondersteuningsdienste, veral 'n tekort aan oudioloë, uitgelewer aan hulself.

### Kennis aangaande die kenmerke/gevolge van gehoorverlies


Wat die onderwysers se kennis van die *kenmerke/gevolge van 'n gehoorverlies* betref, is slegs 33% van die vrae korrek beantwoord. Die kind in sy totaliteit (emosioneel, sosiaal, intellektueel, ens.) noop die onderwyser om oor kennis in hierdie verband te beskik (Marais, 1988), aangesien dit van kardinale belang is in die beplanning en implementering van enige akademiese aktiwiteit (Sanders, 1988).

### Kennis van gehoorapparate

Verskeie outeurs (Harrison, 1993; Lass et al., 1987; Maxon & Smaldino, 1991) is dit eens dat kennis van *gehoorapparate* van wesenlike belang is in die onderrigsituasie. Dit spruit uit die feit dat die akoestiese omgewing in die klaskamer nie ideaal is nie en dat die kind met 'n gehoorverlies in staat gestel moet word om optimaal voordeel te trek uit ouditiewe-linguïstiese invoer (Maxon & Smaldino, 1991). Om 'n kind in staat te stel om sy/haar residuele gehoor optimaal te benut, moet die onderwyser nie net oor kennis van die optimalisering van die akoestiese omgewing beskik nie (Flexer, 1993), maar ook van gehoorapparaattegnologie, funksie en werking van gehoorapparate en versterkingsisteme en die instandhouding daarvan (Harrison, 1993; Berg, 1992). Die feit dat die meerderheid onderwysers in hierdie studie slegs 26% van die vrae korrek kon beantwoord, kan moontlik toegeskryf word daaraan dat die meeste van hulle skoliere nie gepas is met gehoorapparate nie. In vergelyking met 'n soortgelyke studie (Lass et al., 1987) uitgevoer op onderwysers in die hoofstroom, beskik die onderwysers in die RSA konteks oor beperkte kennis in hierdie verband, aangesien die meerderheid onderwysers in die hoofstroom 78% van die vrae oor gehoorapparate korrek kon beantwoord.

### *Kennis aangaande ouditiewe opleiding en spraakleesopleiding*

Slegs 17% van die vrae oor *ouditiewe opleiding en spraakleesopleiding* is korrek beantwoord. Kennis hiervan is van belang, aangesien luistervaardighede en spraakleesvermoëns die kommunikasieproses ten grondslag lê. Luistervaardighede speel onder andere 'n kritieke rol in die ontwikkeling van lees-en skryfvaardighede (Berg, 1992) en dit word versterk deur spraakleesvermoëns, aangesien laasgenoemde die ouditiewe sein aanvul (Sanders, 1982). Die beperkte kennis van die onderwysers kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die minimum aantal leerlinge gepas is met gehoorapparate. Die mening dat ouditiewe opleiding geen doel dien as die kind nie blootgestel word aan versterkte klank nie, kan dan ontstaan. Die onderwysers maak ook grootliks staat op gebaretaal as kommunikasiesisteem en skenk gevolglik nie werklik aandag aan spraakleesvermoëns nie, vanweë die feit dat hul nie oor die kennis van die doel, aard en wyse van spraakleesopleiding beskik nie.




**Figuur 2: Indiensopleiding: Vergelyking van onderwysers se kennis**



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

Die resultate van subdoelstelling 1 soos bespreek, dui duidelik daarop dat die onderwysers bepaalde leemtes in hul kennis van sekere aspekte van oudiologie het.

## DIE WAARDE VAN INDIENSOPLEIDING

Die volgende vraag wat beantwoord moes word is of die bestaande indiensopleiding wat hul ontvang wel vir die onderwysers van waarde was. In figuur 2 word aangetoon hoe die kennis van die onderwysers wat indiensopleiding ontvang het vergelyk met die van onderwysers wat nie sodanige opleiding ontvang het nie. Die resultate word aangebied in terme van die mate waartoe daar 'n beduidende verskil in die kennis van die twee groepe onderwysers voorgekom het.

Uit die voorafgaande figuur is dit duidelik dat daar slegs met betrekking tot die vrae oor "gehoorapparate" 'n beduidende verskil in die kennis van die twee groepe onderwysers verkry is. Wat alle ander aspekte betref, kon geen duidelike verskil tussen die twee groepe se kennis aangetoon word nie.

Die doel van indiensopleidingsprogramme is juis om die potensiaal van onderwysers verder te ontwikkel deur voortgesette opleiding, sodat hulle te alle tye diensbaar kan wees (Van Heerden, 1991). Dit spruit uit die besef dat aanvanklike opleiding in 'n vinnnig ontwikkelende wêreld nie meer voldoende is nie (Van Heerden, 1991). Indiensopleiding is 'n formele poging om te verseker dat die aanvanklike onderwysstudent in die werksopset tot 'n lewenslange leer-program oorgaan. Met betrekking tot oudiologie impliseer dit dus dat oudiologie as wetenskap geplaas word binne die unieke skoolkonteks. Laasgenoemde aspek maak dit juis verskillend van formele opleiding aangesien leerervarings binne die relevante konteks daargestel kan word. Dit sluit ook aan by volwassene leer in dié sin dat volwassenes probleem-gesentreerde leerervarings verkies, wat betekenisvol en van toepassing is op die onmiddellike omgewing (English, 1995).

'n Verdere motivering vir indiensopleiding is dat beperkte kennis van gehoor en gehoorverlies by die onderwyser kan lei tot beperkte groei in die ontwikkeling van opvoedkundige prosedures vir die hantering van kinders met gehoorverlies (Ross, 1991 in Flexer,1993). Ten aansien van die onderwyser in die hoofstroom, sal indiensopleiding nie net bydra tot kennisverryking en die verandering van ingesteldheid teenoor inklusiewe onderwys nie, maar is dit tans die enigste opsie vir verdere opleiding, weens die feit dat daar nog nie eintlik formele onderrigprogramme vir hierdie onderwysers bestaan nie (Ross, 1991).

Wat die onderwyser in die RSA konteks aanbetref, is indiensopleiding 'n aspek wat dringende aandag verg. Tot dusver was ondersteuningsdienste, wat ook die aspek van indiensopleiding betref, onvoldoende en ontoepaslik, veral in verafgeleë gebiede. Baie skole beskik nie oor die dienste van 'n oudioloog nie en waar daar wel dienslewering is, is dit in baie gevalle ontoepaslik in dié sin dat dit fokus op die probleme van die leerder (kind) en nie op die sisteem nie (Department of Education, 1997). Dit kan toegeskryf word aan onvoldoende en gefragmenteerde ontwikkeling van menslike hulpbronne (Department of Education, 1997) en het 'n direkte invloed op kennis en vaardigheid wat daartoe lei dat die sisteem ontoereikend is om te voorsien in die diverse behoeftes van die kind. Die sisteem is dus gevolglik 'n "barrier to learning" vir die kind wat reeds 'n struikelblok as gevolg van 'n gehoorverlies ervaar.

Hierdie vraagstuk kan alleenlik met tyd en laterale denke hanteer word. Indien daar nie 'n beskikbare oudioloog as deel van die personeel is wat verantwoordelik kan wees vir die indiensopleiding nie, kan ander alternatiewe oorweeg word. Een moontlikheid is die gebruik van 'n sogenaamde "rondreisende model van dienslewering". Alternatiewelik kan aktiewe konsultasie met oudioloë in privaatpraktyk oorweeg word. Hoe meer inligting na die onderwysers in die skoolkonteks gebring word, hoe meer kan die groot behoefte aan kennis oor oudiologie in skole gedemonstreer word. Dit kan sodoende die basis vorm vir die ontwikkeling van 'n behoefte aan 'n meer permanente postestruktuur vir 'n oudioloog in die onderwyskonteks wat opvoedkundige oudiologie 'n lewende werklikheid kan maak. Die voordeel hiervan is dat só 'n oudioloog nié net die sterk en swak hoedanighede van die skool en personeel sal ken nie, maar ook werklike individuele kennis het van die spesifieke kinders met gehoorverlies (Ross, 1991).

Indiensopleiding is egter nie 'n aspek wat ligtelik opgeneem moet word nie. Die sukses daarvan berus volgens verskeie outeurs (Allen, 1994; Jones, 1993; Ross, 1991) op noukeurige beplanning, met inagneming van die volgende aspekte:

- behoeftes en verwagtinge van die onderwysers;
- kenmerke en behoeftes van die kind met gehoorverlies;
- die spesifieke onderrigsituasie, bv. spesialiseringsonderwys;
- aanpasbaarheid en relevansie van inhoud vir die klaskamersituasie;
- die persepsies, agtergrond en opleiding van die onderwysers;
- betrokkenheid van onderwysers by die beplanning van indiensopleiding;
- aard van die ondersteuningsdienste beskikbaar.

Die genoemde faktore, of die afwesigheid daarvan, kan enige indiensopleidingsprogram benadeel en daartoe lei dat dit nie die beplande trefkrag het nie.

Die leerplan van indiensopleidingsprogramme, oor oudiologie as vakgebied, behoort volgens die literatuur (Flexer, 1993; Ross, 1991) ten minste die volgende aspekte in te sluit:

- kenmerke/gevolge van gehoorverlies;
- gehoorapparate en FM-sisteme;
- spraakakoestiek en persepsie;
- klaskamerakoestiek;
- ouditiewe opleiding;
- spraakopleiding;
- taalevaluasie en -opleiding.

Soos uiteengesit in Tabel 4 word daar slegs by 4 van die skole, betrokke in hierdie studie, indiensopleiding gedoen en dit blyk uit die resultate (Figuur 2) dat hierdie indiensopleidingsprogramme veral aspekte oor gehoorapparate beklemtoon. Die werklike inhoud van die indiensopleidingsprogramme in hierdie skole is egter nie aan die navorser bekend nie. Elke indiensopleidingsprogram behoort aan die hand van die voorgenoemde aspekte geëvalueer te word, om te verseker dat alle aspekte met betrekking tot oudiologie in die klaskamer ingesluit is. Volgens Jones (1993) is 'n



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

aanvanklike behoeftebepaling van kardinale belang, aangesien die onderwysers se verwagtinge en behoeftes kan verskil van die inhoud soos beplan deur die oudioloog.

Nuwe navorsingsbevindinge, die ontwikkeling in tegnologie en die aanstelling van nuwe personeel noodsaak indiensopleiding om 'n voortdurende, volgehoue proses te wees wat die onderwyser instaat sal stel om by nuwe omstandighede en vereistes aan te pas en sodoende te alle tye diensbaar te kan wees (Van Heerden, 1991).

## EVALUASIE VAN DIE STUDIE

Hierdie studie was 'n oorspronklike studie en op grond van die resultaat is riglyne neergelê vir indiensopleiding van die onderwysers om sodoende te voorsien in die besondere behoeftes van die kind met 'n gehoorverlies.

Soos met enige navorsing is bepaalde beperkinge in hierdie studie geïdentifiseer, nl.

Die grootste beperking van hierdie studie is dat daar slegs skole in die Gauteng en Noordwes provinsies ingesluit is. Die studie kan uitgebrei word na ander provinsies om sodoende 'n meer verteenwoordigende beeld van die kennis van die onderwysers te verkry.

Enkele oop vrae is in die vraelys ingesluit, aangesien daar nie met voorafgaande antwoordkategorieë voorsiening gemaak kon word vir al die moontlike response op die vrae nie. Dit stel egter hoë eise aan respondente en dit kan gevolglik hul motivering nadelig beïnvloed (Steenekamp, 1984). In die lig daarvan dat dit ook tydrowend is om te kodeer, moet dit slegs by uitsondering gebruik word.

## SLOT

Die professionele implikasies van hierdie studie motiveer die bevordering van opvoedkundige oudiologie in die RSA-konteks, asook die daarstelling van poste vir oudioloë in skole. Deur verder die nodige aandag te skenk aan indiensopleiding en konsultasie met oudioloë, sal daar nie net in die leemtes van kennis en behoeftes van die onderwysers voorsien word nie, maar kan die oudiologiese behoeftes van die kind in die klaskamer daadwerklik bevredig word deur die daarstellling van 'n meer dinamiese, ondersteunende onderrigsituasie.

## BIBLIOGRAFIE


**Allen, B.M.** (1994). A case study in planning staff development – What do teachers really need? *American Annals of the Deaf,* 139(5), 493-499.

**Babbie, E.** (1992). *The Practice of Social Research.* California: Wadsworths Publishing Company.

**Bader, J.L.** (1992). Language development for children who are hearing impaired. In R.H. Hull (Ed.), *Aural Rehabilitation.* San Diego: Singular Publishing Group.

**Berg, F.S.** (1992). Educational management of children who are hearing impaired. In R.H. Hull (Ed.), *Aural Rehabilitation.* San Diego: Singular Publishing Group.

**Berry, V.** (1992). Communication priorities and strategies for the mainstreamed child with a hearing loss. *The Volta Review,* 94, 29-36

**Bornman, J.** (1995). *Non-speaking children in schools for children with mental handicaps in the Pretoria area: A survey of communication and related problems.* Unpublished MLog thesis. Pretoria: University of Pretoria.

**DeConde Johnson, C. , Benson, P.V. & Seaton, J.B.** (1997). *Educational Audiology Handbook.* San Diego: Singular Publishing Group Incorporated.

**Department of Education.** (1997). Quality education for all – Overcoming the barriers to learning and development. *Report of the National Commission on Special Needs in Education and Training (NCSNET) and the National Committee on Education Support Services (NCESS).* Pretoria.

**Easterbrooks, S. & Radaszewski-Byrne, M.** (1995). The development of knowledge and skill statements for teachers of students who are deaf or hard of hearing. *Journal of Childhood Communication Disorders,* 17(1), 20-26.

**English, K.M.** (1995). *Educational audiology across the lifespan – Serving all learners with hearing impairment.* Baltimore: Paul H. Brookes Publishing Company.

**Flexer, C.** (1993). Management of hearing in an educational setting. In Alpiner, J.G. & McCarthy, P.A. (Eds.), *Rehabilitative Audiology: Children and Adults.* Baltimore: Williams & Wilkins.

**Grant, J.** (1983). Teacher preparation: issues and trends. *The Volta Review,* 85, 90-104.

Grissom, B.W. & Cochran, S.W. (1986). Critical competencies for teachers of hearing impaired students: The practioner's view. *American Annals of the Deaf,* 131, 267-270.

**Harrison, D.R.** (1993). Promoting the educational and personal development of deaf children in an integrated setting. *Journal of British Association Teachers of the Deaf,* 17(2), 29-35.

**Hegarty, S., Pocklington, K. & Lucas, D.** (1990). *Education pupils with special needs in the ordinary school.* Windsor: Nfer-Nelson.

Hugo, R. (1987). *My kind kan nie hoor nie - Praktiese riglyne vir die hantering van die gehoorgestremde.* Innesdale: Eng Enterprises.

**Israelite, N.K. & Hammermeister, F.** (1986). A survey of teacher preparation programs in education of the hearing-impaired. *American Annals of the Deaf,* 131, 232-237.

**Jones, T.W.** (1993). International special education inservice training: challenges and solutions. *Teacher Education and Special Education,* 16(4), 297-302.

**Lass, N.J., Tecca, J.E. & Woodford, C.M.** (1987). Teachers' knowledge of , exposure to, and attitudes toward hearings aids and hearing aid wearers. *Language, Speech and Hearing Services in Schools,* 18, 86-95.

**Luckner, J.L.** (1991). Mainstreaming hearing-impaired students: Perceptions of regular educators. *Language, Speech and Hearing Services in Schools,* 22, 302-307.

**Marais, D.** (1988). Die noodsaaklikheid van gespesialiseerde opleiding vir onderwyspersoneel van skole vir buitengewone onderwys. *Tydskrif vir Tegniese en Beroepsonderwys,* 8, 14-17.

**Martin, F.N., Bernstein, M.E., Daly, J.A. & Cody, J.P.** (1988). Classroom teachers' knowledge of hearing disorders and attitudes about mainstreaming hard-of-




Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

hearing children. *Language, Speech, and Hearing Services in Schools,* 19, 83-95.

**Maxon, B.M. & Smaldino, J.** (1991). Hearing aid management for children. *Seminars in Hearing,* 12(4), 365-378.

**Mouton, J. & Marais, H.C.** (1992). *Basiese begrippe: Metodologie van die Geesteswetenskappe.* Pretora: RGN-Uitgewers.

**Owen, A.S., Owen, W.L., Pannbacker, M.H. & Middleton, G.F.** (1994). Organization and analysis of research data. In Pannbacker, M.H. & Middleton, G.F. (Eds.), *Introduction to Clinical Research in Communication Disorders.* San Diego: Singular Publishing Group Incorporated.

Ross, M. (1991). A future challenge: Educating the educators and public about hearing loss. *Seminars in Hearing,* 12(4), 34-44.

**Sanders, D.A.** (1982). *Aural Rehabilitation: A Management Model.* New-Yersey: Prentice-Hall Incorporated.

**Sanders, D.M.** (1988). *Teaching Deaf Children: Techniques and Methods.* Boston: College-Hill Press.

**Sass-Lehrer, M.** (1986). Competencies critical to teachers of hearing impaired students in two settings: Supervisors' views. *American Annals of the Deaf,* 131, 9-12.

**Schoeman, W.J.** (1994). Beginsels van vraelyskonstruksie. In: *Kursus in Navorsingsmetodiek (Geesteswetenskappe).* Aangebied deur: Navorsing-administrasie, Universiteit van Pretoria : 28-31 Maart.

**Statomet,** (1994). Soorte opnamestudies. In: *Kursus in Navorsingsmetodiek (Geesteswetenskappe).* Aangebied deur: Navorsingadministrasie, Universiteit van Pretoria : 28-31 Maart.

**Steenekamp, C.S.** (1984). *Praktiese riglyne vir vraelyskonstruksie.* Geleentheidspublikasie No. 16 ISBN 0 7969 015 11. Pretoria: HSRC.

**Van der Merwe, J.** (1994). 'n Tipologie van navorsingsontwerpe. In: *Kursus in Navorsingsmetodiek (Geesteswetenskappe).* Aangebied deur: Navorsing-administrasie, Universiteit van Pretoria : 28-31 Maart.

**Van Heerden, S.H.** (1991). Personeelontwikkeling. *Education Bulletin,* 35(1), 39-50.

**Vos, A.S. & Fouche, C.B.** (1998). Data analysis and interpretation: Univariate analysis. In De Vos, A.S. (Ed.), *Research at grass roots – A primer for the caring professions.* Pretoria: J.L. van Schaik.

## *BYLAE A - VRAELYSTE*

## *VRAELYS 1 - AAN SKOOLHOOFDE*

1 Beantwoord alle vrae so volledig as moontlik.

2 Alle inligting sal as hoogs vertroulik beskou word.

3 Enige identifiserende inligting sal uit die finale verslag verwyder word.

**ALGEMENE INLIGTING TEN OPSIGTE VAN DIE SKOOL:**

1 Naam van skool: ____________________

2 Getal leerlinge: ____________________

3 Getal onderwysers: ____________________

4 Getal spraakterapeute/oudiolo : ____________________

5 Oor watter fase(s) beskik u skool?

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Preprimêr | Primêr | Sekondêr | Beroepsopleiding | Tegnies |

6 Wat is u skool se missie?

7 ____________________

7 Watter kommunikasiesisteem/sisteme word in u skool gebruik?

| | | |
|---|---|---|
| Oraal/Ouraal | Totale kommunikasie | Gebare |

Enige opmerkings in hierdie verband:



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

8 Watter tipe taalaanleermetode word primêr in u skool gebruik?

| | | |
|---|---|---|
| Natuurlik | Struktureel (bv. Fitzgerald sleutel) | Ander |

Indien **ander** gemerk, spesifiseer asseblief:

Enige opmerkings in hierdie verband:

9 Ontvang u onderwysers enige indiensopleiding ten aansien van oudiologie?

| | |
|---|---|
| Ja | Nee |

9.1 Indien JA, dui aan hoe gereeld dit plaasvind.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Jaarliks | Elke ses maande | Elke drie maande | Elke maand | Ander |

Indien **ander** gemerk, spesifiseer asseblief:

9.2 Wat is die doel van indiensopleiding in u skool?

9.3 Wie is verantwoordelik vir indiensopleiding in u skool?

9.4 Wat behels die indiensopleiding? (Indien moontlik, heg asseblief 'n jaarprogram of uiteensetting aan van die aspekte wat aandag geniet).

## *VRAELYS 2 - AAN ONDERWYSERS*

1 Antwoord alle vrae.

2 Antwoord vrae so volledig as moontlik.

3 Merk die toepaslike antwoord met 'n kruisie in die aangewese blok waar van toepassing.

4 Alle inligting sal as hoogs vertroulik beskou word.

5 Enige identifiserende inligting sal uit die finale verslag verwyder word.



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

**A BIOGRAFIESE INLIGTING:**

1 Geslag

| | |
|---|---|
| Manlik | Vroulik |

2 Ouderdom

| | | | |
|---|---|---|---|
| 20-30 jaar | 31-40 jaar | 41-50 jaar | 51 en ouer |

3 Taal

| Taal | Huistaal | Onderrigtaal in skool |
|---|---|---|
| 1 Afrikaans | | |
| 2 Engels | | |
| 3 Sotho | | |
| 4 Zoeloe | | |
| 5 Xhosa | | |
| 6 Gebaretaal | | |
| 7 Ander: Spesifiseer | | |

4 Hoogste opvoedkundige kwalifikasies verwerf:

______________________________________

5 Het u enige spesiale opleiding ontvang in die hantering van gehoorgestremde kinders?

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

Indien JA, spesifiseer asseblief:

| Tipe opleiding | JA | NEE |
|---|---|---|
| 1 Indiensopleiding | | |
| 2 Spesiale diploma/sertifikaat | | |
| 3 Spesiale graad | | |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

6 Hoe lank is u reeds betrokke by die onderrig van gehoorgestremde kinders?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Minder as 1 jaar | |
| 2 | Minder as 2 jaar | |
| 3 | Minder as 5 jaar | |
| 4 | Meer as 5 jaar | |

7 Persoonlike ervaring met gehoorgestremdheid

7.1 Het u self 'n gehoorverlies?

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

7.2 Ken u iemand met 'n gehoorverlies?

| | |
|---|---|
| JA | NEE |

Indien JA. spesifiseer asseblief:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Familie | |
| 2 | Vriende | |
| 3 | Ander | |

8 Kinders in klas

8.1 Hoeveel kinders is daar tans in u registerklas?

| |
|---|
| |

8.2 Hoeveel kinders in u klas dra 'n gehoorapparaat?

| |
|---|
| |

**B KOMMUNIKASIE : SPRAAK- EN TAALONTWIKKELING:**

9 'n Persoon met normale gehoor kommunikeer slegs deur middel van spraak.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

10 Nie-verbale gedrag bv. gesigsuitdrukkings en natuurlike gebare is 'n belangrike deel van kommunikasie tussen persone met normale gehoor.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

11 Tydens taalontwikkeling sal die baba eers taal verstaan voordat hy dit gebruik m.a.w reseptiewe taal ontwikkel vóór ekspressiewe taal.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

12 Die graad / erns van 'n gehoorverlies is verwant aan die tipe taalprobleme wat 'n gehoorgestremde kind ondervind.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

13 Kommunikasie met mense in die omgewing is noodsaaklik vir die kind om taal te ontwikkel.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

14 Gebaretaal is 'n taal in sy eie reg net soos Afrikaans/ Engels/ Sotho ens.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

15 "Total communication" is die gelyktydige gebruik van spraak en gebare.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

## C DIE GEHOORMEGANISME

16 'n Gehoorverlies a.g.v. van 'n probleem in die middeloor kan medies behandel word.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

17 Middeloorontsteking (otitis media) gaan nooit gepaard met 'n gehoorverlies nie.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

18 'n Gehoorverlies a.g.v. skade in die binne-oor en gehoorsenuwee kan medies reggestel word.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

19 'n Gebarste oordrom kan 'n gehoorverlies tot gevolg hê.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

20 Die funksie (werking) van die binneoor kan soos volg omskryf word:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Konduktiewe (geleidings) funksie | |
| 2 | Sensoriese funksie | |
| 3 | Neurale of elektriese funksie | |
| 4 | Geen kennis | |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

## D OUDIOMETRIESE TOETSING VAN GEHOORVERLIES:

21. Oudiometriese toetse word uitgevoer om:

21.1 die graad (erns) van die verlies te bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

21.2 die moontlike plek van die probleem in die gehoormeganisme te bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

21.3 'n aanduiding te kry van die oorsaak van die verlies.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

21.4 inligting te verkry wat belangrik is vir plasing en rehabilitasie.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

22. Kies die korrekte een: 'n Oudiogram is....

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die persoon wat 'n mens se gehoor toets | |
| 2 | 'n Diagram/figuur wat 'n aanduiding gee van 'n individu se luistervaardighede | |
| 3 | Die instrument wat gebruik word om gehoor te toets | |
| 4 | 'n Diagram/figuur wat 'n aanduiding gee van 'n individu se gehoorvermoëns | |
| 5 | Geen kennis | |

23. Kies die korrekte:

23.1 'n Konduktiewe gehoorverlies word veroorsaak deur 'n probleem in:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die buite-oor en/of middeloor | |
| 2 | Die binne-oor en/of senuwee | |
| 3 | Albei bogenoemde | |
| 4 | Geen kennis | |

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

23..2 'n Sensories-neurale gehoorverlies word veroorsaak deur 'n probleem in:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die buite-oor en/of middeloor | |
| 2 | Die binne-oor en/of senuwee | |
| 3 | Albei bogenoemde | |
| 4 | Geen kennis | |

24. Die graad (erns) van die gehoorverlies is die enigste faktor wat die vordering van die kind bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

Indien **ONWAAR**:

Watter faktor(e) speel volgens u ook 'n rol?

______________________________

25. Persone wat 'n hoë frekwensie gehoorverlies het, kan soms spraak hoor, maar kan nie verstaan wat gesê word nie.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

**E OORSAKE VAN GEHOORVERLIES:**

26 Herhaaldelike blootstelling aan harde lawaai kan lei tot 'n permanente gehoorverlies.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

27 'n Swanger vrou wat Duitse masels kry kan geboorte skenk aan 'n baba met 'n gehoorverlies.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

28 Sekere tipes medisyne kan 'n gehoorverlies veroorsaak.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

29 'n Gehoorverlies kan veroorsaak word deur 'n kombinasie van faktore.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

30 Wat is na u mening die **twee** grootste oorsake van 'n gehoorverlies by 'n kind? Dui met kruisies u keuse aan.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Onbekend | |
| 2 | Oorerwing | |
| 3 | Meningitis / Breinvleisontsteking | |
| 4 | Middeloorontsteking | |
| 5 | Koors | |
| 6 | Geboortebeserings | |
| 7 | Geen kennis | |

31 'n Tekort aan suurstof tydens geboorte kan 'n gehoorverlies tot gevolg hê.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

32 Pampoentjies (kindersiekte) kan 'n ernstige gehoorverlies in een oor tot gevolg hê.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

**F KENMERKE/GEVOLGE VAN 'N GEHOORVERLIES:**

33 'n Gehoorgestremde persoon het probleme om sekere klanke uit te spreek.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

34 Kinders met 'n gehoorverlies van tot 70 dB kan met die regte gehoorapparaat en opleiding suksesvol leer in die hoofstroom.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

Wat is u mening oor plasing van die gehoorgestremde kind in die hoofstroom?

_______________________________________________

35 Wat is na u mening die grootste gevolg van 'n gehoorprobleem. Kies slegs een.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | 'n Taalprobleem | |
| 2 | 'n Spraakprobleem | |
| 3 | 'n Denkprobleem | |
| 4 | 'n Sosiale probleem | |
| 5 | 'n Emosionele probleem | |
| 6 | 'n Opvoedkundige probleem | |
| 7 | 'n Beroepsprobleem | |
| 8 | Geen kennis | |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

## G GEHOORAPPARATE:

36 'n Gehoorapparaat normaliseer gehoor net soos 'n bril sig normaliseer.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

37 Die kragbron van die gehoorapparaat is:

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Die versterker | |
| 2 | Die mikrofoon | |
| 3 | Die battery | |
| 4 | Geen kennis | |

38 Benoem die volgende dele van die apparaat: Indien u nie weet nie, trek slegs 'n kruisie ( X )

1 ____________________


2 ____________________

3 ____________________

4 ____________________

5 ____________________

6 ____________________




39 Hoe kan 'n battery getoets word sonder 'n batterytoetser?

______________________________________

40 As die apparaat fluit in 'n kind se oor is dit 'n aanduiding dat:

______________________________________

41 'n Gehoorapparaat maak klanke harder, maar nie duideliker nie.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

42 'n Persoon wat 'n gehoorapparaat kry moet geleidelik gewoond word aan die versterkte klank.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |



*Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)*

43 Hoe gereeld, sou u sê moet 'n gehoorapparaat nagegaan word?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Daagliks | |
| 2 | Al om die ander dag | |
| 3 | Weekliks | |
| 4 | Elke twee (2) weke | |
| 5 | Maandeliks | |
| 6 | Geen kenis | |

44 Wat word bedoel met die "roetine nagaan van 'n gehoorapparaat"?

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Noukeurige inspeksie van die apparaat en oorstuk. | |
| 2 | Luisterinspeksie van die klank van die apparaat. | |
| 3 | Toets van die battery. | |
| 4 | Skoonmaak van die oorstuk | |
| 5 | Al bogenoemde | |
| 6 | Geen kennis | |

45 Die nadeel/beperking van 'n FM-sisteem is dat die gehoorgestremde kind nie sy eie stem of die van sy maats kan hoor nie.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |

**H OUDITIEWE OPLEIDING EN SPRAAKLEESOPLEIDING:**

46 Watter **een** van die volgende prosesse ontwikkel eerste tydens die ontwikkeling van die kind se luistervermoëns?

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | Identifikasie | - Identifiseer die verskillende klanke | |
| 2 | Deteksie | - Word bewus van aan/afwesigheid van klank | |
| 3 | Diskriminasie | - Word bewus van die verskil in klanke | |
| 4 | Begrip | - Betekenisvolle interpretasie van klank | |
| 5 | Geen kennis | | |

47 Die doel van 'n opleidingsprogram in luistervaardighede is om te verseker dat die kind wat 'n gehoorapparaat het, leer om sy oorgeblewe gehoor maksimaal te gebruik.

| | | |
|---|---|---|
| Waar | Onwaar | Geen kennis |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2012)

48 Watter van die volgende faktore in die klaskamer het volgens u 'n beperkende invloed op die kind se vermoë om te luister.

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Weerkaatsing van klank | |
| 2 | Agtergrondsgeraas | |
| 3 | Afstand tussen die onderwyser en die kind | |
| 4 | Geraas buite die klaskamer | |
| 5 | Al bogenoemde | |
| 6 | Geen kennis | |

49 Wat is volgens u die eerste stap in 'n ouditiewe opleidingsprogram met 'n jong kind: (Kies slegs een)

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Klankherhaling | |
| 2 | Die bewustheid van klank | |
| 3 | Klankdiskriminasie | |
| 4 | Klankproduksie | |
| 5 | Nie een van bogenoemde nie | |
| 6 | Geen kennis | |

Indien **nie een van bogenoemde nie**, waar sou u begin met ouditiewe opleiding?

______________________________________________

50 Die spraaksein wat die moeilikste is om te liplees is: (kies een)

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Vokale | |
| 2 | Konsonante | |
| 3 | Woorde in konteks | |
| 4 | Sinne | |
| 5 | Geen kennis | |



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)

51 Die vermoë om te liplees word beïnvloed deur: (kies een)

| | | |
|---|---|---|
| 1 | Beskikbare lig (beligting) | |
| 2 | Die afstand tussen die spreker kind | |
| 3 | Die spraakspoed | |
| 4 | Al bogenoemde | |
| 5 | Geen kennis | |

## I VERDERE OPLEIDING:

52 Het u enige besondere opleidingsbehoeftes ten opsigte van oudiologie - met ander woorde: waarvan sou u graag meer te wete wou kom?

______________________________________________

53 Het u enige voorstelle ten opsigte van verdere opleiding?

______________________________________________

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher ( dated 2012)